SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – MAART 2024

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Gelukwense** aan die SA Infanterie Korps. **Vervolg op bladsy 2.**

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.
  - Slegs 'n lewe aan ander toegewy, is die moeite werd. (Albert Einstein)

- **Met Opregte Meegevoel aan:**

  - Wyle Sam Thwaites, Tuinroete Tak, se eggenote en hul gesin. Hy is Sondag 10 Februarie 2024 by sy huis oorlede na 'n lang tydperk van ongesteldheid.
  - Altino Coute, Wesrandtak, Moeder oorlede.

- **Spoedige Beterskapswense aan:**

  - Lt. Genl. R.F. Holtzhausen, Ere-President SAIV, ongesteld, word tuis versorg.
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hans Moller, Senior Lid, ongesteld.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Mauritz Lombard, NUR Lid, ongesteld.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg na operasie.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
  - Johan Steenkamp, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg.
  - Mercia Coetsee, Centuriontak, ernstige heupprobleme.
  - Alda Fouchee, Centuriontak, rugprobleme.
  - John Quin, Centuriontak, hartklepvervangingsoperasie.
  - Gert du Plessis, Centuriontak, gesondheidsprobleme.

- Steve Noonan, Wesrandtak, operasie aan knieë in Februarie 2024.
- Kallie Pienaar, Wesrandtak, ontvang mediese sorg.
- Cindy Bopp, Wesrandtak, operasie gehad, sterk tuis aan.
- Olivia Steenkamp, Wesrandtak, sterk aan vir verdere operasies.

➢ **Koringkorrel** – In aansluiting by Ps 23 vers 3 (Ter wille van Sy eer):

"Die Here is 'n sterk vesting. Daarom kan dié wat aan Hom gehoorsaam is by Hom gaan skuil en veilig wees." (Spreuke 18:10)

➢ **'n Mondvol**

"Jy sal vir 'n man stem om die sake van jou land te bestuur wat jy nooit sou droom om jou eie sake aan toe te vertrou nie." (Langenhoven)

➢ **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za
Webtuiste: www.sainfantry.co.za
Facebook Blad: South African Infantry Association

➢ **Gelukwensing aan die SA Infanterievereniging**

- 'n Besonderse mylpaal is op 27 Februarie 2024 bereik met die herdenking van die SA Infanterie Korps se Stigting 70 Jaar gelede. Dié besonderse geleentheid is by die Voortrekker Monument se Kruger Galary gevier met ongeveer 130 gaste teenwoordig.

- Anton van Rooyen, Hoëveldtak, Witbank, en Tai Theron, afgetree by Direktoraat Projekte, het die voorreg gehad om die verjaarsdagkoek te sny.

➢ **Anton se "storie"**

Anton van Rooyen het in 1981 as dienspligtige aan Operasie Daisy in Angola deelgeneem en in 1982 aan Operasie Yahoo buite Outjo. Tydens laasgenoemde het hy en sy makkers, ses dae voor sy verjaarsdag, in 'n SWAPO-hinderlaag beland en is Anton in 'n mortierontploffing beseer. Sy regterbeen is op die slagveld geamputeer, waar hy twee keer dood verklaar is, maar elke keer deur die mediese ordonnas geresissiteer is. Tydens die afvoer per helikopter is hy 'n derde keer dood verklaar, maar weer deurgetrek. Sy erg vergruisde linkerbeen is sewe maande later ook geamputeer. Hy was vir twee jaar lank in 1 Militêre Hospitaal, waar hy sy 20'ste en 21'ste verjaarsdae deurgebring het.
Hy is enkellopend, word 62 jaar oud in Mei en is 'n aktiewe lid van die Hoëveld tak van die SA Infanterievereniging.

(Ingestuur deur genl.maj. (aft) Gert Opperman, SAIV President)